Bylaag 7: Die 'boeke' van Genesis.

Die ***toledots*** van Genesis of תּוֹלְדֹת waarvan die betekenis afgelei word van יָלַד ***yalad*** wat beteken om voort te bring.

Hulle word vertaal as:

NASB: "…hierdie is **die aangeduide verslae van** …"

NIV: "… hierdie is **die geskrewe weergawe van** …"

Asook: "… **die boek van** …" of "**die historiese verslag van…"**

Die Afrikaanse vertaling vertaal dit as volg:

AFR **Genesis 2:4** Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde

AFR **Genesis 5:1** Dit is die stamboom van Adam.

AFR **Genesis 6:9** Dit is die geskiedenis van Noag.

AFR **Genesis 10:1** En dit is die stamboom van die seuns van Noag: Sem, Gam en Jafet

1.	Genesis 2:4a	Die Boek van die Skepping.
2.	Genesis 5:1a	Die Boek van Adam.
3.	Genesis 6:9a	Die Boek van Noag.
4.	Genesis 10:1	Die Boek van Sem, Gam and Jafet.
5.	Genesis 11:10a	Die Boek van Sem.
6.	Genesis 11:27a	Die Boek van Tera.
7.	Genesis 25:12	Die Boek van Ishmael.
8.	Genesis 25:19	Die Boek van Isak.
9.	Genesis 36:1, 9	Die Boek van Esau.
10.	Genesis 37:2	Die Boek van Jakob.
11.	Eksodus 1:1	Die Boek van the seuns van Israel.

Om die begin en einde van elkeen van die 11 'boeke' in Genesis en Eksodus te vind, is die volgende uitleg van waarde:

1:1 In die begin het God die hemele en die aarde geskape.

Die Boek van die Hemel en die Aarde.

2:4a Hierdie is die verslag of geskiedenis van die hemele en die aarde…

2:4b Toe die HERE God die hemele en die aarde geskape het --

Die Boek van Adam.

5:1a Hierdie is die geskrewe verslag of geskiedenis van Adam se nageslag.

5:1b Toe God die mens gekape het, het hy hom na die gelykenis van God gemaak.

Die Boek van Noag.

6:9a Hierdie is die verslag of geskiedenis van Noag.

6:9b Noag was ´n regverdige man, sonder blaam tussen sy tydgenote, en hy het met God gewandel.

Die Boek van Sem, Gam and Jafet.

10:1 Hierdie is die verslag of geskiedenis van Sem, Gam and Jafet, Noag se seuns, wat self ook seuns na die vloed gehad het.

10:2a Die seuns van Jafet:
10:6a Die seuns van Gam:
10:21 Seuns is ook gebore vir Sem, wie se ouer broer Jafet was;…

Die Boek van Sem.

11:10a Hierdie is die verslag of geskiedenis van Sem.

11:10b Twee jaar na die vloed, toe Sem 100 jaar oud was, het hy die vader van Arpagsad geword.

Die Boek van Tera.

11:27a Hierdie is die verslag of geskiedenis van Tera.

11:27b Tera het die vader van Abram, Nahor en Haran geword.

Die Boek van Isak.

25:19 Hierdie is die verslag of geskiedenis van Abraham se seun Isak.

25:19b Abraham het die vader van Isak geword, …

Die Boek van Jakob.

37:2 Hierdie is die verslag of geskiedenis van Jakob.

37:2 Josef, ‘n jong man…

Die Boek van die Seuns van Israel.

1:1 Hierdie is die name van die seuns van Israel.